Negester
# STERRELIG

Nuusblad van Negester Klein-Kariba
Jaargang 4 No. 12 Desember 2022

## DIE WONDER VAN KERSFEES



Dit is alweer Kersfees en ons maak gereed om fees te vier. Kersfees vertel die ou-ou verhaal, vir ons sò goed bekend. Tog staan mens telkemaal verwonderd oor alles wat gebeur het. Die wonder van Kersfees herinner ons aan die onmoontlike wat moontlik geword het.

Wanneer die Engel Gabriël Maria die nuus meedeel dat sy swanger gaan word met Jesus, die Seun van God, vra sy hoe dit moontlik kan wees. Sy is verloof aan Josef en is nog nie in sy huis nie. Sy het nog nooit gemeenskap met enige man gehad nie en kan dit nie glo nie. In gewone omstandighede is dit tog onmoontlik. Hierdie is egter nie 'n gewone situasie nie. God is hier aan die werk. Die Heilige Gees het oor haar gekom en die krag van die Allerhoogste het haar oorskadu en sò sal die Seun van God gebore word. God maak die onmoontlike, moontlik. Kersfees herinner ons aan hierdie wonder wat gebeur het. God het mens geword om tussen ons gewone mense te kom woon. Sy goddelikheid en ware menswees het dit moontlik gemaak sodat ons, sondige mense, met Hom kon vrede maak en versoen.

Wêreldomstandighede maak ons dikwels moedeloos en ons worstel met allerlei probleme. Ons wil net boedel oorgee en sien nie die lig aan die einde van die tonnel nie. Hy is die lig van die lewe deur wie alles tot stand gekom het. Sy lig skyn deur die duisternis van ons alledaagse bestaan van sonde en die gebroke wêreld waarin ons leef. Deur Sy wonderwerke het Hy siekes gesond gemaak, blindes laat sien, kreupeles laat loop en aan mense hoop gegee wat Hom gevolg, en van Hom gehoor het.

Wanner ons Sy verlossing aanvaar, raak ons deur die Heilige Gees bewus van die wonder van Sy genade aan ons bewys. Juis uit Sy volheid het ons hierdie genade ontvang. Nou kan ons nie anders as om Hom te prys en te verheerlik vir die onmoontlike wat Hy in ons lewens moontlik gemaak het nie.



"Ek smeek U, Heer, om hulp dat ek kan behou
Die wonderskat my toebedeel as kind:
Dat ek, in wat ek op U wêreld vind,
van U Godlike skoon aanskou"
C. Louis Leipoldt

Mag Kersfees vir u 'n geseënde tyd saam met u geliefdes wees.

Herklaas Viljoen.

# Om te vergewe is eintlik maklik — 'n Kersverhaal



"Moedertjie?"
Sy kom moeisaam orent. Alhoewel sy geweet het hierdie oomblik gaan een of ander tyd aanbreek, klou die beklemming onrustig aan haar. Sy kyk hom woordeloos aan.
"Die boodskappertjie was nou net hier, Moeder. Die ander ouens wag al vir my — ek sal nou moet gaan."
Hy het klaar sy linnesak met die paar stukkies klere en die kos wat sy vir hom ingepak het oor die een skouer, sy slaapmat netjies opgerol oor die ander een. Al wat oorbly, is die afskeid.
Sy druk hom teen haar vas asof sy hom vir oulaas in haar siel wil intrek.
"Asseblief my kind, wees versigtig. Jy weet hoe gevaarlik daardie pad is…"
"Ja Moeder, ek sal. Ek belowe!" Hy wikkel hom los, tel sy wandelstok op. Vermy haar oë.
By die deur kniel hy vlugtig om vir oulaas oor die hond, wat in die ingang lê en slaap, te klim en oor sy kop te vryf.
Hy begin aanstap, draai dan effe om en waai vir haar.

* * * * * *

Hy was altyd anders as die ander, dié jongste seun van haar.
Van kleins af kon hy nie stilsit nie. Bedags het hy in die veld geloop en klippe optel, en saans kon hy vir ure buite op die dak lê en na die sterre staar. Sy opgewondenheid as hy 'n verskietende ster gesien het, was aansteeklik, maar self het sy nog nooit een gesien nie.
Sy het hom vroeër as die ander na die sinagogeskool toe gestuur, toe sy nie meer antwoorde vir sy aanhoudende vrae gehad het nie.

* * * * * *

Sy dwaal doelloos deur die huis. Tel ingedagte die houtbeeldjie op wat haar oudste seun vir haar uit 'n olyftak gekerf het, kort voordat hy weg is om in een of ander naamlose, doellose oorlog te gaan veg.
Haar middelseun het ver, in 'n ander land, gaan vrou vat. Sy verlang baie na hulle, en wonder of sy hulle ooit weer gaan sien.
In haar slaapvertrek haal sy versigtig die los klip uit die muur.
Dis haar geheime wegsteekplek vir haar heel kosbaarste besitting — die laaste geskenk wat haar man vir haar van ver uit die suide gebring het, en haar enigste tasbare herinnering aan hom.
Sy staar in ongeloof na die leë holte. Dis weg!

* * * * * *

In die dae en weke wat volg, tob sy onophoudelik.
Hoe kon hy dit aan haar doen? Hy het dan geweet hoe koester sy dit?
Haar emosies vloei deurmekaar; sy weet nie of sy kwaad of hartseer of teleurgesteld moet wees nie.
Sy vertel nie eers vir die ander vroue by die put daarvan nie. Sy kry te skaam.

* * * * * *

Een middag laat, lank nadat die seisoen weer gedraai het, sit sy buite in die koelte en brei aan 'n bokvel, toe sy die kabaal hoor.
Dit klink soos 'n hele optog. Opgewonde stemme en kinders wat jil, en dan nog die klomp straathonde se gekef ook tussenin.
Toe sien sy hom. Soos altyd troon hy kop en skouers bo almal uit, en die kleintjies moet uithaal om by te bly by sy lang treë.
Hy sien haar ook raak, en sit sy bondel bagasie net daar neer en kom met uitgestrekte arms na haar toe aangehardloop.
"My Moedertjie!" sê hy oor en oor, terwyl hy haar styf vashou, en sy trane onbeskaamd in sy baard inloop.

* * * * * *

Sy kan haar oë nie van hom afhou terwyl hy tegelyk probeer eet en praat nie.
Tussen die handevol vye, dadels en dik hompe brood deur, vertel hy 'n deurmekaar storie van 'n ster en 'n Kind.
Sy hoor skaars die storie. Sy verkyk haar aan hom, aan die nuwe Lig in haar kind se oë.
En sy besluit om hom nie te vra na haar flessie mirre nie.
Hy het dit seker vir 'n goeie doel nodig gehad.

**Chantal Schroeder**

# KERSGROETE VANAF DIE HEV DIREKSIE

Desember 2022

Na 'n bedrywige jaar met verskeie hoogte- en laagtepunte kom ons aan die einde van die jaar en kan ons terugkyk na afgehandelde sake en baie positiewe vooruitsigte vir 2023.

Die Kerstyd wat voorlê is vir ons almal baie spesiaal. Om die geboorte van Jesus Christus te herdenk saam met familie en vriende is vir elke oupa en ouma, pa en ma en kinders, asook vriende en familie 'n groot voorreg. Die tafels word gedek met heerlike kos en aangevul met goeie geselskap en baie lag.

Ons dink ook aan die sitplekke wat leeg gaan wees dié Kerstyd en bid vrede en troos oor die families en huisgesinne wat hulle dierbares mis.

In dié tyd herdenk ons die geboorte van Jesus. Ons kry egter ook by Jesus die belofte dat Hy die Trooster na ons sal stuur, in Joh.14:26: *". . .maar die Trooster, die Heilige Gees wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat ek vir julle gesê het"*. Kom ons aanvaar die belofte van Jesus en ervaar die troos, bemoediging en aanmoediging wat die Heilige Gees elke dag vir ons bring. Luister na Sy stem as hy jou herinner aan Jesus Christus jou Verlosser en Saligmaker.

Vir Negester, wens ons as direksie 'n baie geseënde Kerstyd toe. Vir elke inwoner en hulle gaste 'n tyd van vrede en geluk, 'n tyd van saamwees en herinneringe bou, 'n tyd van foto's neem en saam gesels. Geniet elke oomblik daarvan.

Kersgroete
HEV Direksie

"Die kind van God het mens geword sodat ons God se kinders kan word." (C.S. Lewis)




"Hulle wat aan my gee, leer my om te gee." (Hollandse spreekwoord)

"Die grootste geskenk is 'n stukkie van jouself." (R.W. Emerson)

# KORTTERMYNVERSEKERING VIR AFGETREDENES

**AANGEBIED DEUR NSB**



# WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 24 jaar na kliënte se belange omsien.

Ons is kontraktueel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke klient se risikoportefeulje te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.

**ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSPRAAK REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.**

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 066 286 0274.
Voeg asb by u boodskap Negester.

**TROTS GEASSOSIEER**

nsb
NATIONAL SATELLITE BROKERS

Glen Manor Office Park, Building 5, Office2
138 Frikkie De Beer Street, Menlyn, Pretoria, 0063
Tel: +27 (0)86 184 3672
Epos: info@nsb.co.za
www.nsb.co.za
Volg ons op Facebook en Twitter
Gemagtigde verskaffer van finansiele dienste, FSP no: 16908

**Rocking Horse Kwekery**

Wide range of trees, shrubs and succullents

Pop in to see our range

**SCHOEMBIE GARDENS**

The lawns are all looking awesome after the toppings.

*Now let us help you sort the beds out.*

Labour is R 100 per hour (team of 3)

Gutter cleaning @ R100.00 per hour

Contact: 064 318 0168 /064 342 3376

OOGKUNDIGE
GEORGE VAN DER HOVEN
Gratis voorskrif sonbril
Terme en voorwaardes geld
066 517 2571
Bela-Bela | Modimolle | Mookgophong

# *Uit die landgoedbestuurder se pen.*

Met die pragtige klanke van ons Kerssangdiens nog helder in ons ore is ons vinnig op pad na Kersfees. Kersbome word opgeslaan, geskenke word gekoop en die samesyn van familie en vriende word verwag.

Ons beleef weer die pragtige begin van 'n verhaal so wonderbaar dat selfs die skepping asem opgehou het. Sterre het beweeg en engele het oral gesing: "Die Kind is op pad en sal in die stad Betlehem gebore word…"

Hier wil ek bietjie stilstaan by *Joh. 3:16: "Want so lief het GOD die wêreld gehad dat hy sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."*

Nou kom die vraag by my op: Wie van ons, as vaders/moeders, sal as jy weet dat hulle jou kind gaan doodmaak, hom nog steeds stuur sodat die groter Plan bereik kan word? Wie sal kan toekyk hoe hy grootword, deur die Heilige Gees vervul word, versoek word in die woestyn, wonders doen, mense gesond maak, verwerp word, geboelie word, sleggesê word… en dan nog steeds dissipels oplei, sterk bly, die Blye Evangelie verkondig, mense inspireer… en dan aan die einde hom hoor roep: "*My God my God waarom het U my verlaat*"? *(Matt 27:46.)*

Ons vergeet soms dat ons verkryging van die Ewige Lewe ook opofferings van ander geverg het.

Laat ons in hierdie Kerstyd eer en hulde bring aan God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees, wat ons as mens se verlossing verseker het.

Ek wens u almal 'n baie geseënde Goddelike Christusfees toe.

Onthou: *Joh 3:16.*

Vriendelike Groete

Dawie van Niekerk

# Die bydrae wat die Ons Winkels maak

Geskryf deur Mej. Marné Du Plessis

Solidariteit Helpende Hand se Ons Winkels is 120 tweedehandse skenkingswinkels wat landswyd op verskeie maniere 'n groot verkil maak in talle mense se lewens. Dis hoekom ons graag na die winkels verwys as 'n baken van hoop in die gemeenskap waar dit geleë is. Die Ons Winkels is 'n volhoubare konsep omdat die groep maandeliks fondse genereer waarmee Solidariteit Helpende Hand wonderwerke kan verrig. Hier is meer inligting oor die Ons Winkels se bydrae tot die verskil wat Solidariteit Helpende Hand (SHH) in gemeenskappe maak.

DIE HELPENDE HAND STUDIETRUST

Die Ons Winkels dra by tot die Helpende Hand Studietrust (HHST) wat rentevrye studielenings bied aan behoeftige Afrikaanse studente wat anders nie sou kon bekostig om te gaan studeer nie. Die HHST is 'n inisiatief van Solidariteit Helpende Hand en is 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Die HHST administreer tans meer as 200 onafhanklike studiefondse wat deel is van die Studietrust namens verskeie donateurs. Die HHST het reeds meer as 11 000 toekennings aan 4 750 behoeftige studente gemaak. Elke student moet jaarliks aansoek doen om 'n lening, want lenings word nie outomaties toegeken vir die volle duur van 'n student se kursus nie. Dit beteken verskeie lenings kan aan 'n student toegeken word afhangend van die duur van hulle kursus.

HELPENDE HAND MAATSKAPLIKEWERKDIENSTE-AFDELING

Helpende Hand het maatskaplike werkers in elke streek in die land. Hulle help om maatskaplike kwessies te verlig deur doelgerigte maatskaplike oriëntering, opleiding en ondersteuning aan Helpende Hand se vrywilligertakke te bied.



Hulle lewer ook die volgende kerndienste binne die Helpende Hand-raamwerk: professionele hantering van maatskaplike aangeleenthede in samewerking met geregistreerde kinderbeskermingsorganisasies, evaluering van hulpversoeke deur middel van 'n omvattende assesseringsproses, en aanbevelings wat volhoubare oplossings bied. Helpende Hand se maatskaplike werkers is vir ons baie belangrik omdat elkeen van hulle sulke wonderlike werk doen in samewerking met SHH se streeksorganiseerders en vrywilligertakke.

Helpende Hand het verskeie projekte wat ons baie na aan die hart lê en wat op verskeie gebiede 'n groot inpak maak in mense se lewens. Maar sonder ons getroue ondersteuners en vrywilligers reg oor die land sou volhoubare ontwikkelingsprogramme en -projekte, opleiding, netwerkvorming en hulpbronontginning nie vir SHH moontlik gewees het nie. Dankie dat jy ons ondersteun en 'n bydrae lewer om 'n beter toekoms te skep.

***Wil jy graag jou naaste Ons Winkel besoek? Gaan na ons webtuiste vir 'n lys van al die Ons Winkels.***

www.**ONSWINKEL**.co.za

## *Mag die lig van Kersfees helder skyn*

Here, ons God, ons word soms bang,
maar gee dat ons nie sal wanhoop nie.
As ons teleurgesteld word,
moenie dat ons bitter raak nie.
As ons val,
moenie laat ons bly lê nie.
Mag die lig van Kersfees
vanjaar helder oor ons skyn.

Here ons bid: Bly altyd by ons!
Eer aan God in die hoogste hemel en
vrede op aarde in die mense in wie U 'n
welbehae het.
Amen
(Uittreksel uit 'n gebed van Karl Barth)


## Huis en Troeteldier Oppasser





Gaan op reis met gemoedsrus en die wete dat jy tuis kan kom na gelukkige, vesorgde troeteldiere en jou huis presies soos jy dit gelaat het.

- Volwasse, professionele en verantwoordelike dame beskikbaar om te sorg vir jou huis en/of troeteldiere waneer jy reis.
- Liefhebber van diere, tuinmaak, en buitelewe.
- Uiters sekuriteitsbewus.
- Diens verskaf (kontak vir pryslys) volgens jou spesifieke behoeftes een of twee "checkin-ins" per dag, oornag inslaap, of voldag inwoon.

**Vir navrae kontak my gerus**
**Charmian**
**082 372 3173**
**Eienaars van Erf 342**
**Negester**
**Klein-Kariba**
**Werksaam by Boshoff Eiendomme**


# DIE GEBOORTE VAN JESUS

*Pas kolom B by die teksverwysing in kolom A.*

| | Kolom A | | Kolom B |
|---|---|---|---|
| ____ | Matt. 2:12 | A | Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: "Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. |
| ____ | Lukas 2:13 & 14 | B | ...en die naam van die maagd was Maria. |
| ____ | Matt. 2:11 | C | Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. |
| ____ | Matt. 2:1 | D | En Maria sê: Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord. En die engel het van haar weggegaan. |
| ____ | Lukas 2:9 | E | Jesus is in Betlehem in Judea gebore tydens die regering van koning Herodes. |
| ____ | Lukas 1:38 | F | **Hulle het baie groot geskrik.** |
| ____ | Matt. 1:20 | G | Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê:<br>"Eer aan God in die hoogste hemel,<br>en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!" |
| ____ | Lukas 1:27 | H | Na Jesus se geboorte het daar sterrekykers uit die ooste in Jerusalem aangekom |
| ____ | Matt. 1:21 | I | Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre. |
| ____ | Matt. 2:1 | J | En omdat God hulle in 'n droom gewaarsku het om nie na Herodes toe terug te gaan nie, het hulle met 'n ander pad na hulle land toe teruggegaan. |

**"Hulle wat Kersfees nie in die hart het nie, soek dit tever geefs toegedraai in geskenkpapier onder 'n Kersboom "**
**(R. Smith)**




*Gusta*

# Elisabeth Eybers se gedig MARIA

Elisabeth Francois Eybers is op 26 Februarie 1915 op Klerksdorp gebore. Haar predikant pa en sy gesin is in 1916 op Schweizer-Reneke, waar sy later matrikuleer. Op 18 jarige ouderdom skryf Elisabeth die nou bekende- en roerende gedig Maria – baie toepaslik vir die Kerstyd.

MARIA

deur Elisabeth Eybers

*'n Engel het dit self gebring,*
*die vreugde-boodskap – en jy het*
*'n lofsang tot Gods eer gesing,*
*Maria, nooi uit Nasaret!*

*Maar toe Josef van jou wou skei*
*en bure-agterdog jou pla,*
*het jy kon dink, eenmaal sou hy*
*die hele wêreldskande dra?*

*Toe jy soms met 'n glimlag langs*
*jou liggaam stryk... die stilte*
*instaar...*
*Wis jy met hoeveel liefde en angs*
*sou hy sy hellevaart aanvaar?*

*Die nag daar in die stal – geeneen*
*om in jou nood by jou te staan -*
*Het jy geweet dat hy alléén*
*Getsémané sou binnegaan?*



*Toe vorste uit die Ooste kom*
*om nederig hulde te betoon*
*wis jy hoe die soldate hom*
*tot koning van die volk sou kroon?*

*En toe hy in jou arms lê,*
*sy mondjie teen jou volle bors,*
*het jy geweet dat hy sou sê,*
*toe dit te laat was: Ek het dors!*

*Toe dit verby was, en jy met*
*sy vriend Johannes huis toe gaan -*
*Maria, vrou van smarte, het*
*jy tóé die boodskap goed verstaan?*

Henk Kruger

# Stille Nag

Hierdie bekende Kerslied is in 1816 deur 'n Duitse priester, vader Joseph Mohr, geskryf en deur 'n orrelspeler-onderwyser, Franz Xaver Gruber getoonset. Die lied is in die oorspronklike Duits die eerste keer tydens 'n diens die aand van 24 Desember 1818 in Obendorf uitgevoer. Sederdien is Stille Nag in baie tale vertaal en word dit wêreldwyd tydens Kerstyd gesing.




Die lied begin met die bekende woorde (in Duits)
Stille Nacht, heilige nacht,
Alles Schlaft; Einsam wacht...

Terloops – die dorp Obendorf waar die lied die eerste keer gesing is, is ook die plek waar die bekende Duitste geweer, Mauser, vervaardig is, welbekend as die Obendorf-Mauser.

Henk Kruger

'n Dogtertjie het aan 'n maatjie verduidelik: "Kersfees is daardie dag toe God by die trappe van die hemel afgekom het met 'n Babatjie in sy arms." (CS. Sterner)



# Die redaksie sê . . . Dankie!

## Op die bank met Sandra

Ek sit op my eie stoep en dink aan die jaar wat verby is … en beplan vir die kinders se kuier oor Kerstyd. Die bome is getooi in prag groen, die voëltjies sing en die bokke wei op die gras. My hart loop oor van dankbaarheid, vir soveel seën en genade, vir elkeen op wie se stoep ek gedurende die jaar kon gaan kuier het, vir die heerlike gesels saam met die naaldwerkgroep, vir die lekker lag en oefen saam met Charlotte in die swembad, vir die saamwerk tydens die markdae wat Annatjie en Ben so goed reël, sommer net vir die voorreg om op Negester te kan woon.
Dankie Here vir lewe in oorvloed.



**Mag jou grootste geskenk hierdie Kerstyd liefde wees.**
**Mag jy God se warm liefde ervaar as jy dié dag gedenk**
**toe God sy Seun aan ons gestuur het,**
**ons grootste kersgeskenk.**
**Geseënde Kersfees.**



Heb. 9:11 in Die Nuwe Nuwe Testament van Stephan Joubert en Jan van der Walt sê: "**Toe daag Jesus op** … " en vers 12: "Sy eie bloed was die offer … So het Hy ewige verlossing moontlik gemaak".
In hierdie maand vier ons die "**opdaag**" van Jesus.
Mag ons in hierdie tyd die teenwoordigheid van God ervaar en 'n geseënde Kerstyd beleef. Mag ons doen wat in Hebr. 10:24 staan: "Kom ons gee om vir mekaar. Kom ons moedig mekaar aan om ander mense lief te hê. En om goeie dade te doen."
Geseënde Kersfees.
Annamarie

Na 'n suksesvolle jaar op die redaksie van Sterrelig sê ek die volgende: "Doen net jou gewone werk buitengewoon goed. Moenie probeer om 'n "sukses" te wees nie … doen dit waarvan jy baie hou. Dít is die geheim van sukses! Dat jy sal doen wat niemand anders kans voor sien nie. Werk vandag om môre beter te maak as gister …"
Geseënde Feestyd!
Gusta



Met Kersfees om die draai gaan my storie vandag oor die Betlehem ster.
Jare gelede het ek 'n funksie bygewoon waar Ronel Burger die gasspreker was. Sy vertel dat sy uitgenooi was om as spreker op te tree in Johannesburg. Nou moet ek darem sê dit was voor selfone, GPS en pin drop se tyd.
Sy het, voor sy gery het, saam met haar man ds. Koos, die padkaart gevat en presies gekyk na die afdraaie wat sy moes neem. Sy besluit toe om te ry terwyl dit lig is, want as mens verdwaal, is dit beter om in die lig te verdwaal as in die donker. Min het sy geweet. Sy is toe oppad en baie beïndruk met haarself kry sy die regte afrit. Sy het gery en gedraai, maar die adres wat sy soek bly haar ontwyk. Dit is later donker, maar Ronel kom elke keer op dieselfde plek, wat nie die regte plek is nie, uit.
Radeloos begin sy bid en toe sy by die verkeerslig staan, stop daar 'n Metro-Polisie motorfiets langs haar. Sy maak haar venster oop en vat aan die man se been om sy aandag te trek. Hy wys vir haar om net na die verkeerslig af te trek. Hy stop voor haar en kom bukkend by haar venster staan. "Kan ek help, mevrou?", vra hy beleef. Ronel is naby aan trane en gee die papier met die adres op vir hom. "Ek soek nou al die adres van vanmiddag af en ek is reeds laat", sê sy. "Mevrou die adres is net 2 blokke van hier af, ry agter my aan", sê hy vriendelik. Net toe hy regop wil staan gryp sy hom aan die arm en sien die ster op sy bors. "Die Betlehem ster", sê sy bewoë – "die Here het vir my sy Betlehem ster gestuur om te volg."
Ek wil vir elkeen 'n Geseënde Kersfees toewens en mag die Betlehem ster ook vir jou die rigting aanwys in 2023!

Ria

# Die redaksie sê . . . Dankie!

Die jaar het vinnig verby gegaan en ons hou alweer Kersfees. Tyd vir vrede, liefde en omgee. Deur die Here se genade het Hy ons gedra in tyd van hartseer of vreugde.
Sy bestemming was die kruis, Sy doel was liefde. Mag jul Kersdag gevul wees met vrede, vreugde en baie liefde. "Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop." (Spreuke 3:6)
Nellie

Tydens Kersfees word ons meer en meer bewus van die donkerte in en om ons. Mense leef in eensaamheid, sukkel met gesondheid, het verlies of ondervind finansiële probleme en sit soms op moedverloor se vlakte.

Jesus, God uit God en Lig uit Lig, het ons donker wêreld binnegedring en in ons lewens kom skyn. Hierdie Kersfees wil ek in dankbaarheid kom staan in Sy lig met familie en vriende.

Soos uit die pen van Lina Spies:
*"Ek gaan my koes hou hierdie Kersfees: horende doof vir 'Stille nag' in supermarkte, siende blind vir wattesneeu teen vensterrame en die sluipende ou heer met sy rooi mantel en wit baard gaan ek vermy.*
*Ek gaan na ons nagtelike somerhemel kyk en my voorstel hoe het die ster bokant die stal gelyk. Ek gaan my ore toestop vir die geklingel van sleeklokkies om te kan luister hoe die engele sing.*
*Ek wil my vasklem aan die krip omdat ek so kan vasgryp aan die kruis: koningshulde - wierook, mirre, goud – uiteindelike geselslae, doringkroon, vloekhout."*

Laat Sy lig so in ons skyn dat die wêreld dit kan sien. As Hy weer kom, is dit my wens dat Hy van ons elkeen sal kan sê: "Jou lig is helder"'. Ek wil in dankbaarheid kom staan in Sy lig, met familie en vriende.
Geseënde Kersfees!!


Albert en Neeltje Behrens

# Kindwees en Kersfees

Baie, baie jare gelede, op die plaas in die ou Wes-Transvaal, was Kersfees 'n stemmige, maar vreugdevolle tyd. Die tyd lank voor die omie met die rooi- en wit jas en groot wit wattebaard bestaan het. Kersfees was groenmielies, spanspek en waatlemoen. En gemmerbier en vrugtekoek.
Vroeg Kersaand (24 Desember) het al die kinders en jongmense van die buurplase bymekaar gekom en deur die nag van plaas tot plaas gegaan en Kersliedere gesing. Soms het van die ooms en tannies die kers of lamp aangesteek en die voordeur oopgemaak. Dan is ons ingenooi vir gemmerbier en koekies. Wonderlike jeugherinneringe.
Ek wens vir al die lesers ook mooi kersherinneringe en seënwense en genade vir Kersfees 2022.

Henk Kruger











# Bruidegom

Die jaar 2022 is besig om met rasse skrede einde se kant toe te staan, en ek moet bely dat ek nogals worstel om vrede te maak met die feit dat die uitdrukking "*die tyd vlieg*", meer en meer as 'n grootse stuk waarheid bevestig word namate die jare op my lewenskerfstok toeneem.

Die jaar se naderende einde beteken natuurlik ook terselfdertyd dat Kersdag om die draai is… die dag wanneer ons — met ons onlangse Negester kerssangdiens 'n voorsmakie daarvan — Jesus se geboorte herdenk.

Ek weet dat daar baie argumente en opinies rondom Kersfees is… wát as 'aanvaarbaar' geag word en wát nie. Maar vir my en ons gesin weet ons wat Kersfees vir ons simboliseer en is Kersdag vir ons primêr 'n Jesus-fokus dag. Ons is innig dankbaar vir Sy geboorte en koms na die aarde om verlossing vir élke mens moontlik te kom maak deur Sy één en finále offer aan die kruis op Golgota… en Jesus behoort vir elke kind van God wat in intieme verhouding met Hóm is, natuurlik 'n élke dag fokus te wees, nie net op Kersdag nie… *laat ons van elke las ontslae raak, van die sonde wat ons so maklik omring, en die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop,* ***die oog gerig op Jesus****, die Leidsman en Voleinder van die geloof…* [Afr20]

Uiteindelik is nie nét die krip by Jesus se geboorte ons fokus nie, maar ook die kruis, Sy Koningskap, en die feit dat Hy ook ons Bruidegom is wat ons — Sy bruid — roep en uiteindelik sal kom haal… krip, kruis, Koning, Bruidegom!

Onmiddellik kom Hooglied 2 by my op: "*My liefste antwoord my, hy sê vir my: 'Staan op, my liefling, my mooiste, en kom*!'" (v10)

Is dit nie absoluut asemrowend dat ons Hemelse Bruidegom na ons toe kom nie — *oor die berge spring en oor die rante wip* (v8) — om elkeen van ons ook in hierdie Kersgety opnuut weer persóónlik te kom roep om vir ons te kom sê: *"Staan op, my liefling, my mooiste, kom na my toe!"* Hy roep elkeen van ons na Hóm toe, na die dampkring van Sy verbysterende liefde, weg van ons elke dag se behoeftes en begeertes, probleme en bekommernisse… net 'n intense vertroue in Hom en 'n begeerte om by Hóm te wees, aktief aan Hom en Sý wil onderworpe!

Hy is ons wonderlike Bruidegom en hy vra dat ons ons hand met vertroue in Syne moet sit en Hom moet toelaat om Sy liefde meer en meer in ons sigbaar te maak… dat Sy lieflike geur ons lewens sal deurtrek en ander sal aanraak… Hy is mét ons en bý ons, élke stap en élke tree!

*Baie dankie Here Jesus dat U my ook in hierdie kersseisoen — hier op Negester — opnuut kom roep met U verbysterende liefdesverklaring. Ek hardloop opnuut in U uitgestrekte arms in, want ek wil géén tree waag sonder dat ek styf by U ingehaak bly nie.*

*Wonderlike Bruidegom, laat niks verhinder dat ek — ook in hierdie stukkie paradys waarin ons die grootse voorreg het om in te mag woon en leef — U skoonheid opnuut elke dag sal raaksien nie. Ek wil U stem aanhoudend hoor en met kinderlike blydskap en oorgawe daarop reageer… in en deur U lewe en by U bly!*

*Laat die vreugde en blydskap waarvan die engele op daardie baie spesiale nag van U geboorte gesing het, opnuut ons harte oorspoel… en nie net deur hierdie Kersseisoen nie, maar élke dag!*

*AMEN*

Groetnis
*Pierre Jordaan* (082 821 2711)



# Kersfeesgoggas

***Dié goggas maak nie vir baba bang nie.***



Nie net ons as mense, maar ook die natuur pronk die tyd van die jaar in prag en praal. Ons in Suid-Afrika, asook die lande in die suidelike halfrond wat 'n somer Kersfees vier, is geseënd met pragtige, kleurvolle insekte. Ontmoet eers die ou valetjie: – *Hypopholis sommeri* of sommer die rooskewer of lentekewer, ook bekend as 'n Kersfeesbesie, omdat hulle juis dié tyd van die jaar in groot getalle voorkom. Hul word saans na lig gelok en vreet veral aan tuinplante en rose.








Australië is geseënd met 'n pragtige goue Kersfeesbesie wat veral aan bloekomblare voed en ook rondom Kersfees in groot getalle voorkom.

Ons het ook heelwat ander insekte wat hulle tooi in die mooiste kleure soos die Chrysomelid pers blaarkewer, 'n metaliese vrugtetor, 'n langhoringboktor in blink blougroen metaliese kleure, die reënboog skildbesie wat veral op katoen voorkom, 'n klawergoud skilpadkewer wat aan blare voed, die goue vlerke van 'n landmetermot en natuurlik pragkewers waarvan 'n paar hier op Negester voorkom. Nie alle insekte is plae nie – elkeen is uniek en toon juis in dié tyd die Almag en skepping van ons Skepper. Maak tyd om stil te staan en te bewonder, daar is meer in die natuur as plae of die groot vyf.









Des







## Al was ek nie daar nie

1. Al was ek nie daar nie -
ek weet dit is waar:
die krip en Maria
met die Kindjie by haar.
Dis of ek die engel
die boodskap hoor bring
van Jesus se vrede,
wat harte laat sing.
2. Al was ek nie daar nie -
ek weet dit is só:
Die herders en wyses
het dit eerste geglo.
En deur al die jare
bou Jesus sy kerk -
Die Gees en die Woord
kom geloof in ons werk.

(Liedboek van die kerk (Lied 355))

## Somerkersfees

Welkom, o stille nag van vrede onder die Suiderkruis
Wyl stemme uit die ou verlede oor sterrevelde ruis
Kersfees kom, Kersfees kom, gee aan God die eer
Skenk 'n helder Somerkersfees aan hierdie land, o Heer
Hoor jy hoe sag die klokke beier in eeue-oue taal
Kyk, selfs die nagtelike swye, vertel die ou verhaal
Kersfees kom, Kersfees kom, gee aan God die eer
Skenk 'n helder Somerkersfees aan hierdie land, o Heer
Voel jy ook nou Sy warm liefde as ons die dag gedenk
Toe Hy Sy Seun aan ons gestuur het, ons grootste kersgeskenk
Kersfees kom, Kersfees kom, gee aan God die eer
Skenk 'n helder Somerkersfees aan hierdie land, o Heer

(Koos du Plessis & Jannie du Toit)





# Negester Kerssangaand 24 November 2022



### *God gebruik mense vir Sy Kersfeesplan.*

Met hierdie tema in gedagte het, Negester se sosialebelangegroep besluit om 'n Kerssangaand te hou, wat ons weer herinner aan die sin van ons bestaan en die besef dat ons lewe deel is van 'n groter geheel, wat nie in ons hande is nie, maar in God se Hand.



Met groot opgewondenheid het die produksiespan hart en siel ingesit om hierdie aand 'n groot sukses te maak. Maria, Josef, Engel – Gabriël, die wyse manne, skaapwagters was almal daar om vir ons weer die verhaal van Jesus te vertel en aan Hom ere te bring. Negester se inwoners het deelgeneem en deur samesang lof en eer aan God gebring. Tannie Jeanette (+85 jaar) van Kokanje aftree-oord, het die klavierbegeleiding waargeneem.



Die hart van Negester is om hierdie Liefde wat God het vir elkeen van ons, uit te dra na buite, en daarom is daar tydens hierdie geleentheid toiletware ingesamel vir: *Ons Hoop dienssentrum en kos vir Nylstroom diereklíniek,* wat persoonlik aan hulle oorhandig is. Die blydskap en dankbaarheid op elkeen se gesig wat hierdie geskenke ontvang het, het ons opnuut laat besef hoe dankbaar en gelukkig ons moet wees met alles wat ons het. Die aand is afgesluit met 'n Kersgebed vir Negester: "Hemelse Vader, dankie dat ons die Kersmaand opnuut bewus kan word van die glans van U teenwoordigheid wanneer ons Kersfees vier – Amen".










Almal het na die program lekker saamgekuier en gesmul aan die heerlike eetgoed wat voorsien is deur diegene wat die aand bygewoon het.

Baie dankie Sosialebelangegroep vir die verskil wat jul maak hier op Negester.

***Santie***


























Kersfees kom, Kersfees kom -Gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
In Negester, o Heer.

